

NUUSBRIEF 8 OKTOBER 2018.

Kosbare broer en suster in Christus.

Hiermee nuusbrieff vir 8 Oktober 2018, dankie dat jy bly saambid vir ons "Tipping point" gebed punte.

Les 11 van ons reeks oor herlewing – 2 Kron. 7: 13-15 is op die site beskikbaar, ons vertrou dit sal tot seen wees.

Onthou ons bid elke dag vir die "It's time" gebed byeenkoms 27 Oktober, net buite Pretoria. Hou asb. vir Angus Buchan, en almal betrokke by logistieke en administratiewe reëlings, in jou gebede. Ons vertrou hierdie gebed byeenkoms is nog een stap op die pad na herlewing in ons pragtige land!

Ander gebedpunte vir daaglikse gebed is op on website, asook Facebook blad beskikbaar. Hou asb. aan om daaglik hierdie sake voor God se troon te bring.

Miskien vra jy, hoe kan ek as kerk lidmaat betrokke raak by die Tipping point gebed inisiatief – op een van verskeie maniere, afhangend of jy 'n lidmaat by MPG is of nie, en waar jy woon, is daar verskeie opsies vir jou:

Betrokkenheid as Moreleta park gemeente lidmaat.

- Daaglikse saambid in jou persoonlike kapasiteit.
Daar is daaglikse gebedpunte op facebook en die MPG webblad beskikbaar. Ons vra dat gemeentedelede tyd inruim om so gereeld moontlik in te tree vir die punte soos gelys.
- Weeklikse gebed byeenkomste.
Ons het elke maandagaand 'n tyd van gesamentlike gebed in die mini audit. Ons bid saam oor die Tipping point gebedspunte, en ander sake wat die Here op ons harte sou le.
- Omgee groepe.
 - Omgee groepe kan weekliks tydens byeenkomste vanuit Tipping point gebedpunte vir ons land bid, soos die Here lei.
 - Daar is ook lering oor gebed wat gereeld op die MPG website geplaas word, onder Tipping point, lering. Omgee groepe is welkom om van hierdie materiaal te gebruik in hulle weeklikse byeenkoms as deel van die "teaching" afdeling van die groep byeenkoms.
 - Ons moedig ook omgee groep aan om bv. een Maandagaand per maand af te sonder om ons Maandag aand gemeente gebed aand by te woon as dit enigsins kan.
- Bykomstige gebed byeenkomste periodiek aangebied.
 - Vrydag halfaande van gebed en aanbidding. Soos die Here lei sal ons bepaalde Vrydag aande afsonder vir gebed en aanbidding, dit sal betyds afgekondig word, min of meer een per kwartaal.
 - 2-3 week lange "fortnights" van meer intense gebed, ook min of meer een per kwartaal. Soos die gebed bediening gelei voel, sal ons 2-3 weke tye afsonder vir verlengde tye van korporatiewe gebed, in die kerk voorportaal soos ons dit gedoen

in Julie 2018 met die afskop van die Tipping point inisiatief. (Maandae Dinsdae en Woensdae vir +/- 60min per aand.)

Betrokkenheid as buite Moreleta park gemeente lidmaat.

- Jy is natuurlik welkom om enige van ons MPG gebedsbyeenkomste by te woon, soos bo uiteengesit. Ons sal geëer wees om jou in ons midde te verwelkom. Spesiale gebed geleenthede soos half nag van gebed en gebed "fortnights" sal betyds op Facebook en MPG website adverteer word.
- Eie gebed byeenkomste en gebedsgroepe.
 - Ons probeer in ons MPG website verduidelik hoe om n gebedsgroep te stig en weekliks te lei. Voel vry om dit as riglyn te gebruik om 'n gebedsgroep in jou eie gemeente of vriendekring te vestig.
 - Daar is ook lering oor gebed meer spesifiek gerig op sondebelydenis en die pad na landswye herlewing. Voel vry om dit week vir week deur te werk en saam te bid soos die Here lei. (Lering afdeling, Tipping point, MPG website)
- Tipping point gebed punte.
 - Ons vra dat jy, sovêr as moontlik, daagliks tydens jou gebed tyd sal intree vir die Tipping point gebed punte, beskikbaar op die Moreleta park gemeente se webblad en Facebook.

Tot volgende week.

Seen.

MPG gebed span.